higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N660**(A)**(J8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INKOMSTEBELASTING N6

(4010206)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INKOMSTEBELASTING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die aanslagjaar vir alle belastingpligtiges is 12 maande.

1.1.2 'n Termyn van aanslag dui daarop dat ŉ individu se aanslagjaar minder as 12 maande is.

1.1.3 Belastingkoerse wat op individue van toepassing is, hang af van die belasbare inkomste; hoe hoër die belasbare inkomste, hoe hoër die marginale belastingkoers.

1.1.4 Die brondokument waarmee 'n sake-entiteit se belastingaanspreeklikheid bepaal word, is die IRP6.

1.1.5 Vaardigheidsontwikkelingheffings (VOH) is aftrekbaar teen 'n koers van 1% van sekere individue se vergoeding.

(5 × 2) (10)

1.2 Bereken die belasting betaalbaar deur die betrokke belastingpligtige(s) in elk van die volgende aktiwiteite:

1.2.1 Gedurende die 2016-aanslagjaar het Victoria Cheap Bpk 'n dividend van R30 000 ontvang en 'n dividend van R45 000 op 31 Januarie 2017 betaal.

Gevra:
Bereken sekondêre belasting op maatskappye (SBM) wat deur Victoria Cheap Bpk verskuldig is. (3)

1.2.2 Precious is 46 jaar oud en getroud in gemeenskap van goed. Sy het 'n salaris van R8 600 ontvang, 'n bonus van R55 000 en het R4 500 tot 'n pensioenfonds asook R3 500 tot 'n voorsorgfonds bygedra. Haar enigste dogter, 15 jaar oud, het R40 000 rente ontvang op ŉ belegging wat gemaak is met kapitaal wat haar pa vir haar gegee het. Precious se mediesefondsbydrae vir die jaar het R30 000 beloop.

Gevra:
Bereken die maksimum aftrekbare bydrae tot 'n UAF (Uittredingsannuïteitsfonds). (13)

1.2.3 Me Pretty kry 'n salaris van R84 000 en gebruik van 'n maatskappymotor, kosprys R181 000 (BTW ingesluit), vir 9 maande.

Gevra:
Bereken me Pretty se belasbare inkomste. (5)

Kopiereg voorbehou

1.2.4 Boer Eensaam het 'n aangeslane verlies van R30 000 in die vorige jaar gehad. Sy inkomste uit boerdery vir die huidige jaar is R48 000 voor kapitaalontwikkelingsbesteding van R38 000 en ander inkomste van R25 000.

Gevra: (5)
Bereken Boer Eensaam se belasbare inkomste.

1.2.5 David se salaris het toegeneem met 8% tot R180 000 per jaar in die 2016-belastingjaar. Sy werkgewer het hom van 'n gratis gemeubileerde viervertrekwoonstel teen huurgeld van R300-00 per maand vir die volle jaar voorsien. Die werkgewer betaal ook sy water en elektrisiteit.

(9)

Gevra:
Bereken David se belasbare inkomste.

[45]

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 2

Mnr Joe is getroud en het twee ongetroude kinders onder die ouderdom van 18. Hulle is albei lede van sy mediese fonds. Hy het die volgende inligting vir die huidige belastingjaar voorsien:

Inkomste	**Rand**
Sy salaris vir die jaar het die volgende beloop	280 000
Uitgawes	
Voorsorgfondsbydrae (7,5% van salaris)	
Mediesefonds-bydrae	480 000
Werknemersbydrae	12 000
Werkgewersbydrae	36 000
Ander kwalifiserende mediese uitgawes wat nie deur die fonds gedek word nie	32 000

Gevra: Bereken mnr Joe se belasbare inkomste indien hy ouer as 65 is.

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Vanessa Louis het op 30 November 2016 ná 20 jaar se lojale diens afgetree toe sy 65 geword het. Sy is skielik op 1 Februarie 2017 oorlede. Ten tyde van haar dood was sy getroud in gemeenskap van goedere. Haar eggenoot, Paul Louis, 64 jaar oud, het jou versoek om te bepaal hoeveel belasting hulle moet betaal vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op grond van die volgende inligting wat verstrek is:

Inkomste	**Rand**	**Rand**
	Vanessa	Paul
Salaris	15 000 per maand	60 000
Pensioen	3 000 per maand	
Pensioen-enkelbedrag	860 000	
Opgelope verlof betaal	5 000	
Gratifikasie van onderneming vir haar lojale diens	30 000	
Skenking van medewerkers	1 500	
Dividende van SA	8 000	
Versekeringspolis	500 000	
Rente op belegging tot en met haar dood	30 000	5 000
Rente ontvang ná haar dood		2 500
Bonus	18 000	
Behuisingsubsidie	10 000	
Uitgawes		
Bydrae tot pensioenfonds	12 800	
Bydrae tot mediese fonds	12 000	
Mediese uitgawes nie deur mediese fonds betaal nie	3 000	
Begrafnisuitgawes	15 000	
Versekeringspremies betaal op lewenspolis	5 000	

[45]

VRAAG 4

Misi Traders is 'n kleinsakeonderneming vir belastingdoeleindes. Ná ontvangs op 30 April 2016 van hul 2015/2016-belastingaanslag, wat 'n belasbare inkomste van R340 000 weerspieël het, word die belasbare inkomste vir 2017 op R300 000 geskat. 'n Voorlopige belastingberekening deur die rekenmeester in Februarie 2017 het 'n belasbare inkomste van R380 000 getoon.

Misi Traders wil belasting minimaliseer sonder die risiko om boetes of rente op te doen.

Bepaal die volgende vir die 2017-belastingjaar:

4.1. Misi Traders se eerste voorlopige belastingbetaling (dui die datum en vorm aan wat gebruik sal word) (12)

4.2 Misi Traders se tweede voorlopige belastingbetaling (dui die datum aan) (8)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Florence, 48 jaar oud en getroud in gemeenskap van goed, het die volgende inkomste-en-uitgawe-rekords ingedien vir haar winkel vir die belastingjaar geëindig 28 Februarie 2017.

	Rand
Verkope: Krediet Kontant BTW	140 000 610 000 20 000
Handelsvoorraad: 01/03/2016 28/02/2017	30 000 20 000
Aankope	200 000
Rente ontvang	10 000
Inkomste uit ander aktiwiteite	6 000
Slegte skuld verhaal: Handel/ambag : Lening aan eggenote/vrou vir kruideniersware	2 000 2 500
Invoerregte	50 000
Voorsiening vir twyfelagtige skuld: 2016 : 2017	20 000 18 000
Wins op verkoop van bates: **Aantekening 1**	2 700
Huur betaal: **Aantekening 2**	5 000
Salarisse en lone	120 000
Voorsiening vir bonusse	15 000
Telefoon	500
Kontant gesteel deur personeel – verseker	1 000
Herstelwerk: **Aantekening 3**	25 000
Motorvoertuig-uitgawes/brandstof en olie: **Aantekening 4**	10 500
Verversings	1 000
Reklame	2 000
Mediese bydrae: personeel	10 000
Skenking aan 'n geregistreerde OWO; die nodige kwitansie is bekom	15 000

AANTEKENINGE:

1. Op 31 Januarie 2017 het Florence 'n ou drukker/fotokopieermasjien (oorspronklike koste R5 000) teen R2 000 verkoop. Op daardie datum het die masjien 'n inkomstebelastingwaarde van R4 000 gehad.

2. Die huurgeld van die onderneming se perseel sluit betaling tot en met Maart 2017 in.

3. Florence moes die volgende uitgawes aan herstelwerk aangaan weens 'n pyp wat gebars het; skade is aan die ontvangsarea aangerig.

   Sy het die houtvloer met matte vervang teen 'n koste van R20 000
   Sy het 'n stukkende venster vervang R 1 200

4. 'n Hilux-bakkie is op 30 April 2016 per huurkoopooreenkoms aangekoop teen 'n koste van R85 500 (BTW ingesluit) vir die uitsluitlike gebruik van die winkel. Die ooreengekome tydperk was 24 maande, en finansieringskoste vir die tydperk van die ooreenkoms het R54 000 beloop. Die SAID laat slytasie teen 25% per jaar volgens die afnemendesaldo-metode toe. Die eerste paaiement was op 31 Mei 2016 verskuldig.

Kopiereg voorbehou

Gevra:

Bepaal Florence se belastingaanspreeklikheid vir die 2017-aanslagjaar.

[45]

VRAAG 6

Peter, ouderdom 32, en Joyce is getroud in gemeenskap van goed. Hulle boer reeds die afgelope 15 jaar. Hy het die volgende inligting ingedien:

Ontvangsbewyse/kwitansies	**Rand**
Verkoop van vars boerderyprodukte	750 000
Verkoop van ou trekker	10 000
Lening van bank	630 000
Huurinkomste – woonstel in Joyce se besit	3 000
Betalings	
Verbeteringe aan hul plaashuis	30 000
Herstelwerk aan plaashuis	15 000
Huise vir vier werkers gebou	70 000
Nuwe heining opgerig	350 000
Herstelwerk aan bestaande heinings	2 000
Rente op verband om plaas te koop	60 000
Misstowwe aangekoop	7 000
Saad aangekoop	9 000
Lone	100 000
Mediese uitgawes: plaaswerkers	10 500
Voorkoming van gronderosie	170 000
Aankoop van 'n nuwe trekker op 31/12/2017	280 000
Bou van 'n dam	500 000
Lone vir bou van die dam	20 000
Brandstof	3 000

Gevra:

Bepaal Peter se belasbare inkomste vir die belastingjaar geëindig 28/02/2017.

[30]

TOTAAL AFDELING B: 155
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

BELASTINGKOERSE BETAALBAAR VIR DIE JAAR VAN AANSLAG GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2017

BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERSE**	**RAND**
0 – 188 000	18% van belasbare inkomste	
188 001 – 293 600	33 840 + 26% van belasbare inkomste bo	188 000
293 601 – 406 400	61 296 + 31% van belasbare inkomste bo	293 600
406 401 – 550 100	96 264 + 36% van belasbare inkomste bo	406 400
550 101 – 701 300	147 996 + 39% van belasbare inkomste bo	550 100
701 301 en bo	206 964 + 41% van belasbare inkomste bo	701 300

KORTINGS:

Primêre	R 13 500
Sekondêre (persone 65 en ouer)	R 7 407
Tersiêre (persone 75 en ouer)	R 2 466

INKOMSTEBELASTING: KLEINSAKEONDERNEMING

BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERS**	**RAND**
0 – 75 000	0% van belasbare inkomste	
75 001 – 365 000	7% van belasbare inkomste bo	75 000
365 001 – 550 000	20 300 + 21% van belasbare inkomste bo	365 000
550 001 en bo	59 150 + 28% van belasbare inkomste bo	550 000

AFTREDE-ENKELBEDRAGVOORDELE

Belasbare inkomste (R)	Belastingkoers (R)	Rand
0 – 25 000	0% van belasbare inkomste	
25 001 – 660 000	18% van belasbare inkomste bo	25 000
660 001 – 990 00	114 300 + 27% van belasbare inkomste bo	660 000
990 001 en bo	203 400 + 36% van belasbare inkomste bo	990 000

Kopiereg voorbehou